

Gereformeerde Kerk Bellville – 16 Desember 2018 – Oggend

Gelofte

Gemeente staan

Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte, want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-8:1, 2 (Sb 5)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Die Woord het vlees geword
en onder ons gewoon.
Ons het sy heerlijkheid aanskou,
die van Gods eenige Soon; | 2 | die heerlijkheid van Hom
wat van die Vader kom,
wat vol genade ^{en} derenis
en vol van waarheid is. |
|---|---|---|---|

Votum en seën

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte^{en} ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale^{en} oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreld einde gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 130:2, 4 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregthede. / HEER, doen ook so aan my!

Gebed

Psalm 132:7, 8, 11 (p. 647)

- 7 U het aan Dawid in u trou / gesweer dat U sy troon sal bou
– wie kan U in u mag weerhou? – / “Jou seuns, tot in die verste lid,
sal 'k op jou glorietroon laat sit.
- 8 “Hou hul by verbond die wag, / gee hul op my getuig'nis ag,
dan rys oor hul 'n eewige dag: / wat ook mag wyk of ondergaan,
jou troon sal altyd vas bly staan.”
- 11 “Aan Dawid gee Ek heerskappy; / 'n lamp is vir hom toeberei,
en skaamte^oordek sy teenparty. / Maar op sy hoof sal wonderskoon
en ewig blink die gloriekroon.”

Skriflesing: Matteus 1:18-25

Kernverse: Matteus 1:22-23

En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons. (Matteus 1:22-23 AFR53)

Tema: Jesus is die vervulling van die beloftes en begeerte van God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in ons gelese gedeelte kry ons met een van die grootste wonders te doen – die maagdelike geboorte van ons Here Jesus Christus. In Jesus Christus het God self sy intrek onder mense geneem om nooit weer van hulle af weg te gaan nie.

Van die vroegste tye af kry 'n mens die gedagte onder die heidene dat hulle na hulle gode wil opstyg deur sekere rituele te doen. Die meeste van hulle is onder die indruk dat hulle deel van hulle godedom iewers in die sterre sal word wanneer hulle gesterf het. Onder die Egiptenare het die idee geleef dat hulle farao's reeds in hierdie lewe gode is. Hierdie gedag-tes het ook onder die Romeine posgevat in verband met hulle keisers.

In die twintigste eeu kry 'n mens met twee uiteenlopende gedagterigtings te doen. Onder die mense wat nog enige waarde heg aan godsdiens en onder sommige wat hulleself Christene noem, het die gedagte ontstaan dat elke godsdiens maar 'n eiesoortige paadjie is na dieselfde God. Die sogenaamde Christene wat hierdie onsin kwytraak, verloën Jesus Christus blatant. Hy het immers gesê dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is en niemand kom by die Vader behalwe deur Hom nie (Joh 14:6).

Die ander gedagterigting vanuit die twintigste eeu het gekom namate die mensdom in wetenskaplike kennis toegeneem het. Met hulle wetenskaplike kennis is daar nie so iets soos 'n skepping wat in ses dae tot stand gekom het nie. Wonders is maar net 'n verduideliking van die onverklaarbare van destyds. Met die wetenskaplike kennis kan daardie onverklaarbaarhede van vroeër verklaar word. En ja, na hierdie lewe is dit die einde. Daar is niks verder nie, behalwe vir die mense wat nog in hierdie lewe oorbly. Menige van hierdie mense wat so redeneer, het nie eers meer 'n verlange om na God toe te gaan nie, want die mens het eintlik die plek van God ingeneem.

Vir die mense wat dink daar is verskeie paadjies na God toe, sê die Here in Matteus: Nee, die mens gaan nie na God toe nie. God kom op sy manier na die mens toe. Vir die mense wat God uit hulle lewens probeer wegredeneer, sê die Here in Matteus dat Hy in Christus Jesus na hierdie aarde gekom het om te bly.

Broers, susters en kinders, ons het verlede week opgemerk dat Matteus die evangelie hoofsaaklik aan Jode geskryf het. Een leidraad wat ons tot so 'n gevolgtrekking lei, vind ons in die gedeelte van vanoggend in vers 22. Al hierdie dinge wat Matteus rondom die geboorte van Jesus beskryf, het gebeur sodat die woord van die Here vervul sou word. Dit was nodig dat die Jode vanuit die Ou Testament sien dat Jesus die vervulling is van God se belofte en ook sy begeerte.

Aan die hand van die geslagsregister het Matteus reeds begin aantoon hoe Jesus die vervulling is van God se beloftes. Aan Dawid het die Here belowe dat sy nakomeling se troon bestendig sal wees tot in ewigheid. Dit wil sê, iemand uit die nageslag van Dawid sal vir ewig koning wees oor die volk van die Here. Die koninklike geslag kan net uit die nageslag van Juda kom, soos Dawid. Daarom het Matteus die voorgeslagte van Jesus deur Dawid en Juda tot by Abraham neergeskryf. Jesus is dus regmatig Koning ooreenkomstig die Woord van die Here.

Die Heilige Gees het aan die einde van die geslagsregister 'n baie duidelik verandering aangebring, wat nie oorgesien kan word nie. Van Abraham af word daar nege en dertig keer gesê dat die een die vader was van die volgende een. Maar wanneer Hy by Josef kom, sê Hy nie dat Josef die vader was van Jesus nie. Uitdruklik staan daar geskryf dat Jakob die vader was van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word. Indien Josef dan nie die biologiese vader van Jesus is nie, hoe kan Hy dan gereken word as uit die nageslag van Dawid en Juda?

Josef het baie goed geweet dat hy nie die biologiese vader van Jesus is nie. Maria en Josef was nog net aan mekaar verloof. Van Josef word gesê dat hy regverdig was. Dit wil sê, hy het homself gehou aan die voorskrifte wat die Here gegee het. Om aan Maria verloof te wees, het dus nie beteken dat hulle twee bymekaar kon wees soos twee wat reeds getroud is nie. Hulle het nie saam geslaap nie. Daarom was Josef oortuig dat hy nie die vader is van die kindjie wat Maria dra nie.

Voordat die ander mense en Josef gemerk het dat Maria swanger is, was sy vir drie maande lank by Elisabet, die moeder van Johannes die Doper. Toe sy terugkom by haar huis in Nasaret het die mense die verandering by Maria opgemerk en suuttjies begin praat: Het jy vir Maria gesien? Sy is swanger. Ek wonder wie die pa is.

As regverdige dienskneg van die Here het Josef geweet wat moet gebeur. Maria moet voor die priesters gebring word en as sy ontrou was, moes sy met die dood gestraf word (Deut 22:23-24). Maar Josef was nie bereid om die vrou aan wie hy verloof was in die openbaar tot skande te maak nie. Daarom het hy hom voorgeneem om in die geheim – net met twee getuies – van Maria te skei. Verlowing in daardie tyd was 'n hegte verbintenis wat op die huweliksluiting uitgeloop het. Die verbintenis was so heg dat daar al voor die huwelik van Maria gepraat is as die vrou van Josef.

Die engel van die Here het Josef in 'n droom verseker dat Maria nie ontrou was aan hom nie. Sy het nie swanger geword omdat sy 'n verhouding met 'n ander man gehad het nie. Die Kind wat in Maria verwek is, is die werk van God self. Die Heilige Gees het in Maria die lewe gewek en sy is swanger met 'n seun. Daarom moet Josef voortgaan met die huwelik en wanneer die Seun gebore is, moet Josef Hom Jesus noem.

Hierdie versekering van die engel van die Here het Josef oortuig. Die volgende dag het hy gedoen wat die Here hom beveel het. Hy het Maria as sy vrou by hom geneem ongeag wat ander mense gedink het, want die Here se bevel het vir hom meer geweeg as mense se opinies. En toe die Seun gebore is, het Josef Hom Jesus genoem. Met die naamgewing

van die Kind het Josef bekend gemaak dat hy wetlik die vader is van Jesus al is hy nie biologies die vader van Jesus nie. Daarom word Jesus gereken as wetlik uit die nageslag van Dawid.

As Josef dan nie die vader van Jesus is nie, wie is dan sy Vader? Vir baie van ons klink hierdie vraag waarskynlik oorbodig – ons weet mos dat God die Vader is van Jesus. Inderdaad, jy weet dit, maar dit maak die vraag nie oorbodig nie, want daar is mense vol sogenaamde wetenskaplike kennis wat die maagdelike geboorte van Jesus as onsin beskou omdat hulle dit nie wetenskaplik kan verklaar nie.

Dit is waar, die Bybel praat min uitdruklik oor die maagdelike geboorte van Jesus. In die evangelie is dit net Matteus en Lukas wat daarvoor skryf en in die res van die Nuwe Testament is daar net twee ander plekke wat daarna verwys. Maar wanneer die Heilige Gees vir ons daarvoor skryf in Matteus sê Hy drie maal hoe dit gekom het dat Maria swanger is.

- Die eerste keer is in vers 18. Matteus skryf, geïnspireer deur die Heilige Gees, dat Maria swanger bevind is uit die Heilige Gees.
- Die tweede keer is in vers 20. Die engel verseker vir Josef, op bevel van die Here, dat die kind wat in Maria verwek is uit die Heilige Gees is.
- En die derde keer is in vers 23 wanneer die Heilige Gees die profesie van Jesaja 7 betrek. Jesus is die vervulling van daardie belofte van God.

In die mond van twee of drie getuies staan die waarheid vas, sê die Here vir ons. Met al die wetenskaplike kennis in die wêreld sal die maagdelike geboorte van Jesus nie uitgepluis kan word nie. Ons het hier met 'n geheimenis te doen wat ons tot nederigheid en geloof oproep en nie nuuskierigheid nie. Jesus is die Seun van God en Hy het in Maria die menslike natuur by sy Goddelike natuur aangeneem om as Jesus Christus gebore te word.

Die Heilige Gees openbaar Jesus se maagdelike geboorte vir die troos van die gelowiges en vir die oortuiging van elke uitverkorene. Maria het met Jesus swanger geword, nie maar net omdat sy 'n moeder wou word nie. In die droom het die engel uitgespel waarom Maria 'n Seun in die wêreld sal bring en waarom sy Naam Jesus moet wees – **want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos**. Die mens Jesus moet ongetwyfeld ook tegelykertyd God wees, want dit is net God wat mense van hulle sondes kan verlos. In Psalm 130 het die Here die belofte gemaak wat Jesus kom vervul het. Luister net weer na die belofte van Psalm 130:

Wag op die HERE, o Israel! want by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is daar veel verlossing; en Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.
(Psalm 130:7-8 AFR53)

Jesus, die Seun van God, is die Verlosser van mense, want God wil die belofte van Jesaja 7 ten volle vervul. Daar is mense wat hulle slim hou en sê dat Matteus die profesie in Jesaja 7 nie mooi verstaan het nie. Hoor net hoe praat hulle – so asof Matteus nou op eie insig geskryf het net om aan te dui dat Jesus uit die maagd Maria gebore is.

Ons kyk baie kortliks na die profesie van Jesaja 7. Die Hebreuse woord wat met *maagd* vertaal is in Matteus kan inderdaad vertaal word met *jong vrou* of *maagd*. In die Ou Testament word die woord net sewe keer gebruik en twee keer word dit gebruik om na 'n ongetroude meisie te verwys. Die Griekse vertalers van die Ou Testament – 'n vertaling wat tweehonderd jaar voor Jesus se geboorte gedoen is – was so aangegryp deur die gebruik van hierdie woord in verband met die geboorte van 'n kind dat hulle die woord eerder met *maagd* vertaal het as met *jong vrou*.

Hierdie profesie in Jesaja 7 is gedeeltelik in die dae van koning Hiskia van Juda vervul toe die Here sy volk verlos het van die heidense konings wat Jerusalem bedreig het. Maar die profesie en beloftes van die Here het dikwels meer as een vervulling. Oor die seun wat gebore sal word, word daar gesê dat hy 'n teken sal wees. Dit wil sê, dit gaan oor meer as net die geboorte van 'n seun. En teen die tyd dat 'n mens by Jesaja 9:6 kom sien jy dat die seun **Sterke God** genoem word. Die Heilige Gees het vir Matteus die insig gegee om raak te sien dat die profesie van Jesaja 7 uiteindelik in Jesus vervul word. Jesus is Emmanuel – God met ons.

Sien u hoe die Heilige Gees met die woorde van Matteus troos. Die verlossing in die dae van Hiskia was nog maar tydelik en onvolkome. Jesus is die vervulling van daardie belofte. En as die Here sy belofte vervul doen Hy dit nie deur 'n verteenwoordiger nie. Hy kom self na hierdie aarde om ewige en volkome verlossing te bring, want Hy wil vir ewig God met ons wees.

God wil by sy mense wees. Van alles wat God geskep het, is die mens die enigste skepsel wat in 'n hegte verhouding met God kan lewe soos wat die Vader, Seun en Heilige Gees met mekaar in verhouding leef.

In die begin leer ons dat God die hemel en die aarde geskep het – die hemel as sy woonplek en die aarde as woonplek van die mens. Dit was die begeerte van die Here om ewig by sy mense te wees, maar daar was 'n weg waarlangs dit werklikheid sou word. Adam en Eva moes gehoorsaam bly leef in die tuin van Eden – die tydelike ruimte waar God met sy mense was.

Maar toe hulle in opstand kom teen die Here, het hulle hul plek in die tuin verbeur en is hulle uit die tuin en teenwoordigheid van God verdryf. Maar die Here het nie sy begeerte om met sy mense te wees opgegee nie. Hy belowe 'n Verlosser wat die skuld van die mens sal betaal en die gevalle mens weer sal oprig sodat God met sy mense kan wees.

Hierdie belofte word dwarsdeur die Ou Testament gehandhaaf. En wanneer die oomblik aanbreek wat God in sy alwysheid vasgestel het, stuur Hy sy Seun as die Verlosser van sy mense. Kom u agter waarheen die Here op pad is? Jesus is die een wat sy volk van hulle sondes sal verlos sodat God vir ewig met sy mense kan wees. En met die koms van Jesus het God sy intrek by mense geneem om nooit weer van hulle weg te gaan nie.

Iemand sal miskien nou beswaar kan maak en sê dat Jesus tog nie meer hier by ons is nie. Na sy opstanding het Hy opgevaar om weer na sy woning by die Vader terug te keer. Dit is waar. Na sy menslike natuur is Jesus inderdaad nou by die Vader in die hemel. Maar dan moet ons ook onthou dat die verlossing wat Hy aan die kruis gebring het nie maar net 'n tydelike verlossing was soos in die dae van Hiskia nie. Hy het volkome en volledig die mense wat sy Vader aan Hom gegee het van die heerskappy van die duivel en die sonde verlos. En as bewys daarvan het Hy aan die verlostes die Heilige Gees gestuur. Deur sy Gees is Jesus inderdaad met sy mense.

Maar Hy wil nog meer en konkreet met sy mense wees. Daarom is die Heilige Gees aanhoudend besig met die Woord om die uitverkorenes tot bekering en geloof in Christus te bring. En dan gaan Hy verder om hoe langer hoe meer die beeld van God in die verlostes te herstel en hulle heilig te maak. En wanneer daardie werk van die Heilige Gees afgehandel is, kom haal Jesus die gelowiges om te wees waar Hy is. Elke gelowige wat sterf word deur die Here vir eers opgeneem na Hom toe totdat die laaste dag aanbreek. Dan kom Jesus self na die aarde terug om alles nuut te maak en die laaste oordeel te

voltrek. En wanneer die aarde nuut is, kom God self om by sy volk te wees vir ewig.

Wat 'n erfenis ontvang jy dan nie, gelowige? Nie maar net iets wat tydelik is nie. Jy kry God self as jou erfdeel. In sy Seun Jesus Christus as jou Verlosser. In sy Gees as jou Heiligmaker. En uiteindelik die Vader op die nuwe aarde as God met jou vir ewig. En alles wat die Here nou in jou lewe beskik, is daarop gerig om sy begeerte werklikheid te maak – Hy wil God met ons wees.

Amen!

Gebed

Slotsang: Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Desember 2018